

**Skriflesing:** Romeine 5:12-21

Nederlandse Geloofsbelydenis: **Art 15**

Teks: **Romeine 5:18-19**

Sing- **Ps. 40:6; Ps. 19:7; Ps. 32:1**

**Rom 5:12** Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het

**Rom 5:13** want vóór die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie.

**Rom 5:14** Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom.

**Rom 5:15** Maar dit is met die misdaad nie soos met die genadegawe nie; want as deur die misdaad van die één baie gesterf het, veel meer het die genade van God en die gawe deur die genade van die een mens, Jesus Christus, vir baie oorvloedig geword.

**Rom 5:16** En nie soos deur één wat gesondig het, is die gawe nie; want die oordeel was uit één tot veroordeling, maar die genadegawe is uit baie misdade tot vryspraak.

**Rom 5:17** Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.

**Rom 5:18** Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe.

**Rom 5:19** Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.

**Rom 5:20** Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword;

**Rom 5:21** sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here.

#### **Artikel 15: Die Erfsonde**

Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sondes laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem. Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein. Dit word die kinders van God ewenwel nie tot verdoemenis toegereken nie maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe. God vergewe nie sodat die gelowiges in die sonde gerus sou slaap nie maar wel sodat die besef van hierdie verdorwenheid hulle dikwels sou laat sug in die verlange om van hierdie liggaam van die dood verlos te word, Ons verwerp hiermee die dwaling van die Pelagiane, wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging ontstaan nie.

*Ps. 51:7; Rom. 3:10; Joh. 3:6; Gen. 6:3; Ef. 2:5; Job 14:4; Rom. 5:14; 7:18-19.*

**Skriflesing:** Romeine 5:12-21

Nederlandse Geloofsbelydenis: **Art 15**

Teks: **Romeine 5:18-19**

Sing- **Ps. 40:6; Ps. 19:7; Ps. 32:1**

Broeder en suster- Daar word gesê dat die kerkvader Augustinus verantwoordelik gehou kan word vir die begrip erfsonde. Dit is dan 'n term wat hy sou ontwikkel om die radikale verdorwenheid van die menslike geslag aan te dui. Dit sou beteken dat alle mense, die hele menslike geslag van alle tye, alle lande, alle volke, alle geslagte dat almal inbegrepe is in die

sonde van Adam en almal in 'n staat van skuld voor God staan. Dit klink erg om dit so te moet sê en so te moet hoor, maar ons moet erken dat hier het ons met 'n baie belangrike deel van ons belydenis te make.

Dieselfde Augustinus wat in 'n sekere sin verantwoordelik gehou word vir die ontstaan van die begrip erfsonde, *peccatum originale*, Augustinus het verder hier rondom gesê dat in die prediking daar niks meer bekend moet wees as wat die erfsonde is nie maar tegelyk besef ons dat daar ook niks meer verborge is, as wat ons onder hierdie begrip moet verstaan nie.

Sonder om in allerhande ingewikkelde teologiese argumente te verval presies hoe die sonde van Adam na alle mense oordra en watter oordrag presies plaasvind, kan geen mens ontken dat sonde het 'n manier om homself tuis te maak.

\*\*\*

Daar vind inderdaad 'n uitbreiding van sonde plaas in elke babatjie wat gebore word. Die mens word in 'n toestand van sonde ontvang en gebore, van geboorte af is ons sedelik verdorwe. Ja, dit gaan inderdaad sekerlik oor hierdie twee belangrikste aspekte hoe radikaal het die breuk gekom na die sonde van Adam. Hy het as hoof van die verbond, as hoof van die vrou, as hoof van die geslagte in hulle, in wat deur hulle huwelik die totale mensheid insluit, nie net sedelik 'n groot oortreding begaan nie, ja dit ook, maar moreel en sedelik en fisies het die dinge na die sondeval ingrypend verander.

Die morele mens wat nou gaan wegkruip, terwyl hulle God se beeld moet uitdra, kruip hulle nou agter ander beelde, agter ander strukture gaan kruip hulle weg, hulle wil bome gebruik as wegkruipplek en as aantrekplek, want dit is nie maar net 'n ou storie, 'n fabel deur mense uitgedink dat die eerste mensepaar vir hulle klere van blare aanmekaar gewerk om die sedelike daarmee te wil toemaak nie. Die mens is nou skaam vir wie hy/sy is, hulle is skaam vir mekaar, vir mekaar se geslagte, vir mekaar se sedes, hulle bedek nie mekaar nie, soos wat seker die volmaakte huwelik verlang, maar elkeen wil eers homself bedek.

Die kleding van die mens is nou 'n ander kultuur deurdat daar na individuele bedekking gesoek word waar daar nie bedekking kan wees nie. Waar die mens self geen bedekking kan voorsien nie. God sou voorsien deur die kultuur van bloed en 'n geslagte dier daar te stel dat daar vir die mens 'n bedekking kan kom. Die dier wat geslag moes word dat daar rokke vir vel kan wees wat die mens kan aantrek. Die erfsonde sit nou agter die rokke, agter elke mens. Elke keer as ons 'n kledingstuk aantrek is dit ook om die sonde te erken en iets weg te

steek van wat baie openlik sou wees, nl. hoe 'n groot sondaar elkeen van ons is. Moreel sedelik, fisies en psigies het die mens 'n totale bedorwe en verdorwe wese geraak. Fisies is die skepping die sondeval ingetrek. Die veld laat uit goeie reën nou ook dorings en distels groei. Die mens sal daarin trap! Plante wat voedsel dra en wat in elke opsig die mens se voedsel wou wees, plante kry nou ook gif en word nou ook plante wat gif dra. Die vermeerbos, die stinkblaar, die slangkop, selonsroos en baie meer! Psigies kom die mens in wanbalans. Wie Kain met die moderne middele sou kon toets sou dalk moes erken die mens het in sy kop dit verloor. Daar is sielkundig groot letsels en baie uitvalle wat na die sondeval die mens en die skepping sou inkom.

Die oorsaak, die uitgestrektheid, die wese van die erfsonde laat Adam se gesig in elke opsig die skerm van die erfsondebeeld in 'n volbeeld. Daar word nie in ons belydenis presies weer Adam se oortreding beskryf nie, maar dit het art 14 mos klaar gedoen, hoe die mens willens en wetens, sy hele natuur verderf het, hy die liggaamlike en geestelike dood verdien het, hy hom aan die vervloeking onderwerp het, die gebod van die lewe oortree het en hom van God losgeskeur het, in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geraak het, alles wat die moeite werd was verloor het... Die mens het sy eie uitnemendheid nie verstaan en nie besef toe die mens nog in aansien was nie.

Het ons nou enige aansien uit onself, hoe dink ek oor die kindjie wat ek en my vrou in die hande kan hou, toe ons kinders gebore is. Dit wat oor Adam gesê word, moet nou by elke geboorte, oor elke gebore babatjie besef word, erken word, bely word. In ongeregtigheid is ek gebore, die verdorwenheid is radikaal, die Latyn praat van *radix*, dit dek die volle radius van die lewe, die Franse taal verwys na die *racine* (wortel), dit raak die diepste wortel van menswees. Geen mens word neutraal gebore nie, uit sy hart kom die sonde op, die erfsonde bring allerhande ander sondes na vore, ja die erfsonde is 'n aktiewe berower van die goeie. Die dinge wat Jesus in Markus 7 so treffend beskryf, dit kom al in die erfsonde na vore en word al erger... vers 21-23 **21** *Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, 22* *diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. 23* *Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein.*

Ons belydenis beskryf die erfsonde as 'n verdorwenheid van die hele natuur, as 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die fetus al mee besmet is, as 'n wortel wat in die mens allerhande ander

sondes laat uitspruit. Ja, hier maak ons nie verskil tussen hoe groot die erfsonde van gelowiges is in vergelyking met die erfsonde van ongelowiges nie. Die doop maak die erfsonde nie ongedaan nie. Ja, dit bring terug wat die Here in Paulus oor homself laat skryf het- Rom 7:18-20 **18** *Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. 19* *Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek. 20* *Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon.*

Al hierdie dinge wat ons oor die erfsonde van bewus word, broeder en suster, dit is inderdaad sonde wat aanhoudend uit 'n mens uitborrel, dit is soos slegte water wat uit 'n giftige fontein bly opborrel, maar die aangrypende van ons belydenis is om God se Woord hier in die volle betekenis daarvoor te laat spreek. Dit wat ons elke keer oor ons daaglikse sonde by die Nagmaal bely dat ek nie in my sonde moet bly lê nie, dit geld sekerlik ook vir die erfsonde. Om God se vergewing en God se genade en God se liefde ook hieroor aan te kondig is weliswaar moontlik. Deur een man is ons verlore, tog watter genade om hierby te mag sê **deur een Man is ons gered**. Ons is geregverdig deur die Een Man en die een daad, ons is geregverdig deur sy daad van regverdigmaking.

Watter ontsaglike troos dat die twee verbondshoofde kop aan kop ná mekaar gedraai word. Romeine 5 bring die eerste Verbondshoof Adam dat sy een daad van ongehoorsaamheid ons totale val was, ons erfsonde het daar begin, maar die ander Man, die tweede Adam, die een in die plek van die eerste Adam, wat nie net u en my plek vervul nie, maar Adam moes vervang in wat die geregtigheid voor God sou eis, die tweede Adam het deur sy een daad van gehoorsaamheid vir ons die vrypraak, die geregtigheid gebring. God se genade in Christus en God se geregtigheid in Christus dit laat God ook ons erfsonde vergewe. Al is die erfsonde nog deel van ons en kan ons dit nie ontken nie, moet ons in die besef van ons erfsonde die woorde van Paulus in Fil. 3:12 hier uitleef- **12** *Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.*

Ons kan wel die goeie najaag. Daadwerklik moet ek die goeie soek- Dit wat die Here in die laaste dele van Romeine ons openbaar en meedeel- Rom 16:20 - **20** *En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel. Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle!* Die gedeeltes uit Filippense en Romeine laat ons gesterk vorentoe gaan. Ons moet na die volmaaktheid of ons dit werklik kan gryp. Ons moet nie in sonde bly lê of nog erger

nog selfs in die sonde my verlekter nie. V/A 114 van die kategismus- Sondag 44 moet ons belydenis ook hier wees- Die vraag wat gevra word kan ek die volmaaktheid bereik of soos die Kategismus dit vra **114 Vraag: Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie geboorte volmaak gehoorsaam?** ONS Antwoord: **Nee, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid (a), maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die geboorte van God te lewe (b).** Ons kan hier dink aan Dawid, Paulus, Petrus hulle almal het maar 'n geringe begin tot gehoorsaamheid kon maak, maar dit is 'n begin wat by my en jou nie anders moet wees nie, ten spyte van en te midde van ons swakhede en sonde, dit wat aangebore is, dit wat ons aanklewe, dit wat onself aanklewe. Sonde kom na ons toe, maar o ons is so lief om dan ook na die sonde te kom. Al wat ons aan die einde van hierdie artikel besef hoe nodig is dit om nederig te bly, om te weet die verskriklike wat ander mense in hulle sonde al oorgekom het, wie is ek dat dit my nie ook kan oorkom nie.

Al is ons op die weg van verlossing en heiligmaking dan staan Sondag 3 steeds oor ons lewe geskryf- **Onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad...** Ons is so onbekwaam ook in ons staat en toestand van erfsonde dat ons uit onself nie eers die goeie kan ken nie...1 Kor. 2:14- **14** Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie.. Daarom eindig ons hierdie artikel met die geestelike beoordeling wat self ook in die artikel ingebou word. Ons moet wel geestelik beoordeel word dat ons ook weer ander kan beoordeel... 1 Kor. 2:15-16- **15** Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie. **16** Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus.

AMEN